**14 April**
**Skrifgedeelte: Handelinge 2:29-41**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:37-38**

## Alles is genade

Die rede waarom kerkloses die kerk vermy, is dikwels die bewering dat gelowiges hulle nie welkom laat voel nie. Soms is dit seker waar. Bewys ons genoeg liefde aan buitekerklikes? Sonde moet bestraf word, maar die sondaar moet weet die kind van God gee om vir hom of haar. Jesus het omgegee en met liefde uitgereik na die vrouestruikelaars en tollenaars, selfs vóór hulle gelowig geword het.

Handelinge 2 beskryf die Here se merkwaardige liefde vir Jerusalem. Die Jode het Jesus gekruisig, maar nogtans het Hy die dissipels beveel om die evangelie in *Jerusalem* te begin verkondig (Hand 1:8). Hoe ontsaglik groot is die Here se genade nie! Jerusalem het Jesus verwerp; tog moet die mense van dié stad eerste die boodskap hoor! Petrus was reguit in sy preek in Jerusalem. Hy herinner die Jode daaraan dat hulle Jesus gekruisig het (Hand 2:36), maar selfs die reguit woorde getuig steeds van genade. Na Petrus se preek kom 3000 mense berouvol tot bekering! Die Jode het seker oor en oor verdien om deur God verdelg te word. Ten spyte daarvan dat hulle Jesus kruis toe gestuur het, roep die Here hulle na Hom toe. “Alles is genade,” getuig al die dinge wat op Pinksterdag gebeur het. “Alles, alles is genade,” staan bokant ons geskryf wat in Christus glo.

Enigeen wat hoogmoedig ‘n boemelaar, vigslyer of wie ook al afskryf, en nie die evangelie met so ‘n persoon wil deel nie; so ‘n persoon verstaan nie wat genade aan ‘n mens kan doen nie.

Waar sou ek gewees het, as die Here my, arme sondaar, nie verlos het nie?

*Ds KAJ van Rensburg (Kaapstad)*